

6 Julie - KONINKRYK (5)

In die koninkryk van God: Bid en werk

Skrifgedeelte: Matteus 6:5-15

Fokusgedeelte: Matteus 6:10a

Heidelbergse Kategismus Sondag 48:123

Ons wil graag die versekering hê dat ons gebede verhoor word. Jesus gee in Matteus 7:7, 8 dubbele versekering. Met sy afskeid kry sy dissipels weer die versekering dat wat in sy Naam gebid word, gegee sal word (Joh 14:14; 16:23). Die versekering word bevestig deur die belydenis (HK 45:117) dat God die opregte gebed uit die hart uit sal verhoor. Skynheiligheid maak gebed waardeloos (Matt 6:5).

Wanneer die koninkryk van God ter sprake is, voel al meer mense dat God nie in beheer is nie. "Die duiwel is los" het in baie opsigte meer as net 'n gesegde geword. Verhoor God ons nog as ons bid: "Laat u koninkryk kom"? Dit lyk nie so nie. En met goeie rede. Ons gebruik baie keer die gebed om van God die bode te maak. Hy moet regmaak waar ons verbrou het. Hy moet opruim waar ons gemors het. Ons bid "in die Naam van Jesus Christus", maar ons daade word nie deur dieselfde Naam gedek nie. Ons lewensbenadering gee dikwels die bewys. Ons hou daarvan om self te sorg, self te besluit, self te beplan, self te beheer, self die seggenskap hê.

Let op ons belydenis. Die verklaring van die tweede bede begin by *onself*: "Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp." Die werke van die duiwel, die bose magte wat teen God opstaan en die kwaadwillige planne teen God kan nie verbreek word as ek self nie voor God buig nie. Solank ek nog in beheer van my lewe en toekoms wil wees, gee ek die duiwel soveel meer vatkans. Met selfbeheer is al my planne ook maar bose planne teen God se Woord in.

Jesus leer ons: "*Julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra*" (vs 8). Hy weet dat ons meer as alles in die lewe Christus nodig het. Ons vra so baie, maar Hy het ons Christus gegee. Want deur Christus kom die koninkryk van God. Saam met Hom word al hierdie "self" in sy dood begrawe, en saam met Hom word nuwe mense opgewek (Rom 6:8-10) om vir God te lewe. Om te bid: "laat u koninkryk kom", en te werk: onself al meer aan Hom onderwerp.

Sing: Skrifberyming 10-2

Ds CA Jansen (Secunda)